DIE PROVINSIE TRANSVAAL
**Buitengewone Offisiële Koerant**
*(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*
PRYS: S.A. 40c OORSEE: 50c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
**Official Gazette Extraordinary**
*(Registered at the Post Office as a Newspaper)*
PRICES: S.A. R1,25. OVERSEAS: 85c

Vol. 235 PRETORIA 12 MAART 12 MARCH 1992 4818

# Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 109 12 Maart 1992

PERSONEELREGULASIES VIR SWART PLAASLIKE OWERHEDE AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING R.2568 VAN 1983: WYSIGING

Ek, Daniel Jacobus Hough, Administrateur van die provinsie Transvaal, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 56(1)(m) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982) wysig hierby die Personeelregulasies vir Swart Plaaslike Owerhede, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2568 van 25 November 1983 deur –

(1) regulasie 13(1) te hernommer na regulasie 13(1)(a);

(2) die invoeging van die volgende voorbehoudsbepaling by regulasie 13(1)(a):

"Met dien verstande dat, in die geval waar die plaaslike owerheid bestaan uit 'n persoon of persone wat deur die Administrateur ingevolge artikel 29 of 29A van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982) gemagtig is, of indien daar om welke rede ook al nie lede of werknemers van die plaaslike owerheid op so 'n komitee aangestel kan word of nie wil dien nie, enige persoon of persone wat nie lede of werknemers van die plaaslike owerheid is nie asook persone na verwys in artikel 35(1) van hierdie Wet, op so 'n komitee aangestel kan word, in welke geval die komitee kan bestaan uit lede en werknemers en sodanige aangestelde persone wat nie in diens van die plaaslike owerheid is nie, of uit 'n samestelling van gemelde lede, werknemers of persone."; en

(3) die volgende subregulasie na regulasie 13(1)(a) by te voeg:

"13(1)(b) Die plaaslike owerheid bepaal, onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur die vergoeding aan die lede wat op sodanige komitee dien.".

Geteken te Pretoria op 11 Maart 1992.

D J HOUGH
Administrateur

(1904)

# Administrator's Notices

Administrator's Notice 109 12 March 1992

BLACK LOCAL AUTHORITIES STAFF REGULATIONS PROMULGATED BY GOVERNMENT NOTICE R.2568 OF 1983: AMENDMENT

I, Daniel Jacobus Hough, Administrator of the province of the Transvaal, do hereby, by the powers vested in me under section 56(1)(m) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No 102 of 1982) amend the Black Local Authorities Staff Regulations promulgated by Government Notice R.2568 of 25 November 1983, by –

(1) the renumbering of regulation 13(1) to regulation 13(1)(a);

(2) the insertion of the following proviso in regulation 13(1)(a):

"Provided that, in the case where the local authority consists of a person or persons that has been authorized by the Administrator in terms of sections 29 or 29A of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No 102 of 1982), or if for any reason whatsoever members or employees of the local authority cannot be appointed or are not prepared to serve on such a committee any person or persons who are not members or employees of the local authority and persons referred to in section 35(1) of this Act, can be appointed on such committee: In this case the committee can consist of members and employees and such appointed persons who are not in the employment of the local authority, or a combination of such members, employees or persons."; and

(3) the addition of the following subregulation after regulation 13(1)(a):

"13(1)(b) The local authority, subject to approval by the Director, determines the remuneration payable to members serving on such committee.".

Signed at Pretoria on 11 March 1992.

D J HOUGH
Administrator

(1846)

Printed for the Government Printer, Pta by Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.

Gedruk vir die Staatsdrukker, Pta deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.